Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

3 Maart 2017
Nr 8/2017

Sinodale nuus

Voorbidding

By die SDR vergadering van die 24ste Februarie 2017 is die volgende besluit goedgekeur vir voorlesing in gemeentes:

Die Noordelike Sinode van die NG Kerk spreek sy kommer oor, en medelye met slagoffers uit, t.o.v. elke vorm van geweld in ons land, veral plaasmoorde en xenofobiese geweld en doen 'n beroep op respek vir menselewens en menswaardigheid.

Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Konferensie - **Aangebied deur:** Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

Datum: *22 Maart 2017* [Registrasie vanaf 08:15; Program begin 09:00 tot 16:30]
Waar: NG Lynnwood
Sprekers: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*
Koste: *R350.00 p/p*
VBO: *10 punte word verdien.*

- Vir meer **inligting asook die inskrywingsvorm**: Kliek hier

Navrae: Rika van Rensburg, excelsus@up.ac.za / 012-420 6738

LW: Ons beoog om dieselfde konferensie met dieselfde sprekers en in dieselfde formaat gedurende April en Julie in Brits en Polokwane aan te bied. Die finale datums vir die twee geleenthede sal spoedig bekend gemaak word.

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op *7 Maart 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: **Gen 12.**
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

#Imagine

Die **#Imagine Jeugfees** word hierdie jaar van *18-20 Maart* by Nampo aangebied.
Inskrywings vir individue kan elektronies gedoen word by https://itickets.co.za/events/372077, of groepbesprekings kan gedoen word deur die feeskantoor, noorde@imaginemovement.co.za.

*Ons het op **sinodale vlak** drie **vervoerroetes** om die reis na Nampo makliker te maak, skakel gerus met die koördineerders:*
Pretoria en omstreke – *EJ Leach*, NG Waverley-Oos, 082 459 9727, ejleach@gmail.com
Brits, Rustenburg, Thabazimbi en omstreke – *Frans du Plessis*, NG Brits, 078 095 0616, fransdp@icloud.com
N1 roete Polokwane - Bela Bela – *Jacques Erasmus*, 072 653 9845, ds.jacques.erasmus@gmail.com
Feeskoördineerder: *Fouché de Wet*, NG Stellastraat, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za

- **Kerklike fees- en biddae 2018**
  Ons het 'n aantal navrae ontvang in verband met bogenoemde en sluit dié lys hierby in. [Kliek hier]
  - LW Hierdie inligting verskyn ook jaarliks in die ***Jaarboek van die Ned Geref Kerke***.
    [Kyk op bl 51 van die 2017 uitgawe].

- **Bestmed**: **Gewysigde ure**
  Vir enige navrae skakel die **Kliëntediens** by 086 000 2378: *Maandae tot Donderdae 08:00-18:00* en *Vrydae 08:00-16:00*. LW dat die konsultante slegs weeksdae tussen 08:00-16:00 beskikbaar is. **Webwerf**: www.bestmed.co.za.

Kollega nuus

- **Uitnodiging aan leraars:**
  Besoek Struwig Bosveldplaas vir 'n *Groot 5 Bosveldplaas* **blootstelling!** *22-23 Maart 2017* - Vir **volledige inligting** oor die geleentheid, kliek hier ...

- **Hospitaal/siekte**
  Frans du Plessis [Brits] het onlangs belangrike toetse ondergaan. Die uitslae was gunstig.
  Nico Pretorius [Ouderling van Valhalla-Suid en SDR-lid] se 2-jarige kleinkinders (tweeling) is baie ernstig siek in die hositaal.
  Amos Schreuder [Ouderling van Koedoeskop en SDR lid) se operasie het goed afgeloop.

- **Verjaarsdagwense** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:
  04/03 Joekie Laas [Waverley-Oos, 083 258 2668, joekie@ngwaverleyoos.co.za]
  Hannes Peens [Marken, 082 886 6077, hpeens@lantic.net]
  Frans du Plessis [Brits, 078 095 0616, fransdp@icloud.com]
  07/03 Deon Haumann [Pietersburg, 084 715 1766, mwdeohau@mweb.co.za]
  Dewald Roux [Vorentoe, 072 755 7817, dewaldroux2@gmail.com]
  ****
  08/03 Monique Tait [Rietfontein-Suid, 012-333 2470, taitgesin@gmail.com]

Gemeente nuus

- **Florandia**: **Het alle kinders, wat sukkel om te konsentreer, ADD?** Kom vra al jou vrae oor kinders verstaan en grootmaak.
  Spreker: Dr Hanneke Malan (Gesinpsigiater)
  Wanneer: Saterdag, *11 Maart 2017* om 08:30 - 12:00
  Geen koste - bespreek asb by 012 546 5721.

- **Koedoeskop**: **Koedoefees 5km pretdraf/stap**: *18 Maart 2017* om 08:00
  Plek: Leeupoort vakansiedorp
  Vooraf inskrywings is beskikbaar by Pastorie – kontak Anika: 072 639 9756
  Inskrywings slegs R20.00 per persoon.

- **Wonderboompoort**: **Klokkespel-uitvoering deur Gottfried Schiele:** Saterdag *25 Maart 2017*

Koste: Ete + Klokkespel R80 per persoon
Tyd: Ete begin 08:00 daarna klokkespel
Adres: Denyssenlaan 488, Monuntain View
Navrae: Gawie 082 923 8536 of gawiegc@telkomsa.net

Ander nuus

❖ UP Fakulteit Teologie [Lees hier meer...]

➢ **Uitnodiging na Wydingsdiens en Simposium en derde AS Geyser Gedenklesing**

- **Simposium oor opdra van die Eeufeesuitgawes** - Maandag, *6 Maart 2017*
- **Derde A.S. Geyser Gedenklesing** - Donderdag, *30 Maart 2017*

➢ **Uitnodiging na openbare lesing van prof Dirkie Smit**

Titel: 'Speaking of the Sacred? On political-theological discourses' - Woensdag *8 Maart 2017* (09:30)

❖ Excelsus nuus [**Webblad**: www.excelsus.org.za]

Sentrum vir Bedieningsontwikkeling: ***Dagkursus*** [Lees hier meer...]

Tema: "Wat is die Mens dan... *inleidende kortkursus oor die belang van menswaardigheid*"
Wanneer: Donderdag *9 Maart 2017* [09:00 – 16:00]

➢ **Sertifikaatkursus in *Bedieningsvernuwing***

➢ **Sertifikaatkursus in *Bedieningsontwikkeling*** - Predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening.

Besoek gerus ons **webblad by www.excelsus.org.za** vir die jongste nuus!

❖ CMR-Noord: Kom maak jou stem dik... saam met TUKS Camerata en bring hoop vir talle wat in stilte hulle kruis moet dra.

Waar: Musaion, Universiteit van Pretoria
Wanneer: *16 Maart 2017* [18:30 vir 19:00]
Kaartjes @ R200 sluit 'n aand van ongelooflike musiek, 'n ligte ete en 'n glas wyn in.
Besprekings: 012 460 9272 / 012 333 0421 / marketing@cmrn.co.za

❖ Sentrum vir Spiritualiteit [Ring van Suidoos-Pretoria]

Naweekretreat : *21-23 April 2017*

Waar: Padre Pio retreatsentrum in Rietvalleirand, Pretoria. ('n Mooi retreatsentrum van die Franciskane.)
Tema: *NAVOLGING – die diepte-dimensie van Jesus se uitnodiging* - Aangebied deur Willem en Joke Nicol.
Prys vir volle losies: R1250 per persoon vir 'n enkelkamer en ook as jy 'n kamer met iemand deel.
Betaal met inskrywing liefs die volle bedrag, anders R300 deposito.
As jy wil inskryf:

1. sms vir Helena Sander om te vra of daar nog plek is: 0823352290
2. sodra jy 'n ja per sms ontvang, kan jy betaal: HJM Sander, Absa spaarrekening 113091088 (Tak: Woodlands, takkode 630-193)
3. skryf "retreat + jou van + jou noemnaam by die betaling
4. epos 'n bewys van betaling aan Helena by sanderhelena0@gmail.com
5. as jy dit deur die bank stuur, stuur dan net 'n aparte epossie vir Helena, want ons benodig jou eposadres
6. meld duidelik daarop vir watter bywoners die betaling is

Indien jy nog nie gewoond is aan periodes van sowat 20 minute stilte nie en sal wil praat oor maniere van stilword, kontak Willem gerus, ook vir meer inligting: wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek *http://bybel-Media.co.za*]

Wenners van Bybel-Media-Cordis Trust-pryse

Dit is met groot dankbaarheid dat Bybel-Media, in samewerking met Cordis Trust, die pryswenners in drie verskillende kategorieë kan bekendmaak. Die pryswenners ontvang elk 'n oorkonde en geldprys by 'n latere geleentheid – wat binnekort bevestig sal word.

➢ **Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike familie- en/of gesinspublikasie**:
2017-wenner: Ontvang wat vir jou gegee is (Hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef)
Skrywers: Coenie Burger en Andries Cilliers
Uitgewer: Bybel-Media

- **Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike jeug- en/of kinderpublikasies:**
  2017-wenner: Kleuterpret (Akkerpret) ... Aanbiedersgids
  Skrywer: Liana Lourens
  Uitgewer: Bybel-Media
- **Bybel-Media-Cordis Trust-pryse vir bydrae tot spesiale projek(te) met 'n Bybel-Media verbintenis... met deerniswerk, woordkuns en geestelike groei as vernaamste kriteria**.
  2017-wenners: Ds Koos Kriel – medewerker by Nehemia Bybelinstituut & Elise Bosch – medewerker by LiG, en ander ...

- **CLF-nuus -** Op 23 Mei vanjaar vier **Christelike Lektuurfonds** sestig jaar se genadepad – 'n leeftyd se bediening waarin die boodskap van die Bybel deur gratis of bekostigbaar lektuur aan miljoene mense van Suider-Afrika versprei is – in elkeen se eie taal! [Kliek hier...]

- **Teo.co.za-nuusbrief** [Besoek *http://teo.co.za/*]

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Lydenstyd.**
- **Groot water tekort in die Kaap.**
- **Die Kerk se missionale roeping.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Brits Rusoord:** Huis vir Bejaardes **– Vakature: Hoofverpleegkundige**
Basiese vereistes:
* Ouderdom: 40 – 60 jaar
* Geregistreerde suster
* Bestuursondervinding en vermoë om te werk in 'n span.
* Goeie menseverhoudings kan handhaaf.
* **Voldag pos**: Maandae tot Donderdae 7:00 – 16:00 en Vrydae: 7:00 – 13:00.
* **E-pos CV** na bestuur@britsrusoord.co.za

❖ **Montagu: Vakature: Medeleraar (Voltydse pos)**
Montagu gemeente is 163 jaar oud en is in die Ring van Swellendam. Die gemeente bestaan uit dorps- en plaaswyke, met 'n ouetehuis. Die dorp het goeie skole en ander fasiliteite. Daar is 1119 belydende en 220 dooplidmate, met 674 besoekpunte. 60% van die lidmate is ouer as 60 jaar, maar daar is ook 'n baie sterk groep jonger gesinne.
Aansoeke: CV, wat bedieningsvoorkeure duidelik aantoon en die besonderhede van minstens drie referente.
Stuur aansoeke aan: vakature@ngkmontagu.org
Navrae: Pre-Advies voorsitter : Pieter Steenkamp (023 614 3100 - kantoor) en ds. Charl van Rensburg (sel: 082 880 2161)
Sluitingsdatum: *22 Maart 2017*

❖ **Harmoniepark**: **Vakature: Maatskaplike Werker by tuiste vir bejaardes**
Minimum vereistes: 'n Graad in Maatskaplike werk; Registrasie by SACSSP; Goeie kommunikasie vaardighede in Afrikaans; Goeie interpersoonlike verhoudings; Goed met konflik hantering; Ervaring en kennis van Ontwikkelingsprojekte, groepwerk en berading; Kennis, ervaring en passie vir werk met ouer persone.
Werksure 4 dae per week, 5 ure per dag.
Diensaanvaarding *3 April 2017*
Sluitingsdatum vir aansoeke:*10 Maart 2017*.
Epos u CV aan bestuurder@harmoniepark.co.za

❖ **2016 Proponente**
Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:
- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]

- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Ian Stanton* [072 281 1634; ISianstanton@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - Kliek hier

❖ **Ten slotte**
Hier is 'n treffende foto wat Johan Pienaar gedeel het. Kliek hier

BYLAES

Skrifinterpretasie en Skrifgesag

Konferensie aangebied deur:
Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

22 Maart 2017 te NG Lynnwood
Sprekers: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*

Program:

08:15	Registrasie	
09:00	Verwelkoming	
09:15	Sessie 1	Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek Aanbieder: dr James Kirkpatrick met tyd vir bespreking
10:45	Tee	
11:15	Sessie 2	Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel Aanbieder: dr Andries Kritzinger met tyd vir bespreking
12:45	Ete	
13:30	Sessie 3	Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek Aanbieder: dr André van Niekerk met tyd vir bespreking
15:00	Tee	
15:20	Sessie 4	Toemaak van die gesprekke

Elke aanbieder het 15 minute om die gesprek rakende sy tema toe te maak

16:15	Afsluiting
16:30	Verdaag

Inskrywingsvorm:

Skrifinterpretasie en Skrifgesag

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM			
Persoonlike inligting	**Van**		
	Naam		
	Instelling of gemeente		
	E-pos		
	Kontaknommers	**Sel**	**Telefoon**

Registrasie	Fooi	**R350,00 per persoon**
	Kursus	**Skrifinterpretasie en Skrifgesag**
	Kursusdatum	**22 Maart 2017 (08:15 – 16:30)**
	Plek van aanbieding	**NG Gemeente Lynnwood** **Sussexlaan 439, Lynnwood, Pretoria**
	Sluitingsdatum	**15 Maart 2017**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

KERKKALENDER 2018
VAKANSIE EN KERKLIKE FEES- EN BIDDAE

Nuwejaarsdag	1 Januarie
Week van gebed	Januarie
Lydensweke begin	11 Februarie
Biddag vir Opvoeding en Onderwys	11 Februarie
Sinodale Dankdag (VS)	11 Februarie
Aswoensdag	14 Februarie
Wêreldbiddag vir vroue	2 Maart
Wêreldbiddag vir mans	3 Maart
Menseregtedag	21 Maart
Goeie Vrydag	30 Maart
Dag van Danksegging & Verootmoediging	1 April
Paasfees	1 April
Gesinsdag	2 April

Vryheidsdag	27 April
Werkersdag	1 Mei
Sinodale Bid- en Dankdag (Kaap)	6 Mei
Arbeidsondag	6 Mei
Hemelvaart	10 Mei
Moedersdag	13 Mei
Pinksterfees	20 Mei
Biddag vir die Ekologie	3 Junie
Biddag vir Jeug en Kategese	10 Junie
Jeugdag	16 Junie
Nasionale Dag vir Blindes	17 Junie
Vadersdag	17 Junie
Biddag vir Alkoholiste (VS)	24 Junie
Biddag vir Middel- en Rehabilitasie-Afhanklikes (NAM)	24 Junie
Nasionale Vrouedag	9 Augustus
Bybelsondag	26 Augustus
Nasionale Biddag vir Dowes	2 September
Leprosedag (Melaatse)	9 September
Sinodale Bid- en Dankdag (VS)	9 September
Toerustingsondag	9 September
Bediening aan die Jode	16 September
Erfenisdag	24 September
Biddag vir Bejaardes	7 Oktober
Biddag vir Gesondheidsdienste	21 Oktober
Hervormingsfees	28 Oktober
Biddag vir Beskermingsdienste	18 November
Biddag in Aansluiting by Wêreldvigsdag	25 November
Wêreldvigsdag	1 Desember
Versoeningsdag	16 Desember
Openbare vakansiedag	17 Desember
Kersdag	25 Desember
Welwillendheidsdag	26 Desember

Terug

Struwig Bosveldplaas

Die NG Kerk is een van die trustees wat die *Struwig Eko-Reservaat* (in die Balule Privaat deel van die Groter Kruger Nasionale Park eko-sisteem) bestuur.

Spesiale uitnodiging!!

Die trustees nooi **alle leraars (en hul gades)** na ’n Groot 5 Bosveldplaas blootstelling.
Datum: *22-23 Maart 2017*

Program
22 Maart 2017 – Aankoms vanaf 14:00
18:00 – Aandete
19:00 – Kampvuur by lapa en blootstelling aan die plek (‘n Nagrit kan gereël word)
23 Maart 2017
06:00 tot +/- 09:00 vir Wildrit of stap (Hang af wat jy bespreek)
10:00 – Noen-ontbyt
15:00 – Reg maak vir Boskamp uitslaap (Bring eie slaapsak en opvou-bed saam)
15:30 – Wildrit (2ure)
17:30 – Arriveer na wildrit by boskamp
18:00 – Braai.
24 Maart 2017

07:00 – Oplaai by boskamp en terug bring na kamp toe
09:00 – Noen-ontbyt
10:00 – Vertrek

- **Kostes**:
  Een nag in 'n **Chalet** en een nag in die **boskamp** R660.00 p/p alle etes ingesluit
  Een nag in **Jeugsentrum** en een nag in die **boskamp** R660 p/p alle etes ingesluit
- **Eksta's** - Bootrit op die Olifants tussen die seekoeie en wildediere vanaf Phalaborwa na Struwig en weer terug = R300.00 per persoon. (Dit is as jy sou verkies om jou voertuig by Phalaborwa se lughawe te parkeer vir die twee nagte.

- **Bespreek spoedig** by http://www.struwig.co.za/ OF struwigeco@iafrica.com
  Onthou om die **"GROOT5"** Bosveldplaas te gebruik as die bespreking geplaas word vir indikasie aan die Reservaat

- **Navrae**: Ds Jurgens de Jager, tel 0792929545 / 0137511824

Terug

Kursusse en ander byeenkomste

UP Fakulteit Teologie:

Uitnodiging na Wydingsdiens en Simposium en derde AS Geyser Gedenklesing

- **'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'** Simposium oor opdra van die Eeufeesuitgawes - Maandag, *6 Maart 2017* om 14:00, Merensky-ouditorium, Universiteit van Pretoria [Lees hier meer]
- **'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'** Derde A.S. Geyser Gedenklesing - Donderdag, *30 Maart 2017* om 14:00, Universiteit van Pretoria [Lees hier meer]

Uitnodiging na openbare lesing van prof Dirkie Smit

Prof Johan Buitendag, Dekaan van die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria, nooi u hiermee vriendelik uit na 'n openbare lesing deur prof Dirkie Smit, emeritusprofessor in Sistematiese Teologie by die Universiteit van Stellenbosch en ereprofessor by die Humboldt-universiteit in Berlyn.

Titel: 'Speaking of the Sacred? On political-theological discourses'
Datum: Woensdag *8 Maart 2017* (09:30)
Plek: Eeufeeslesingsaal 2-10, Teologiegebou
RSVP: Mnr Dana Mahan, tel 012 420 6655 teen ***28 Februarie 2016***

Excelsus nuus

Die **Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**, Universiteit van Pretoria, nooi alle belangstellendes hartlik uit om die volgende ***dagkursus*** wat deur *Excelsus* in samewerking met *St Augustine College of SA* aangebied word, by te woon:

Tema: "Wat is die Mens dan... *inleidende kortkursus oor die belang van menswaardigheid*"
Wanneer: Donderdag *9 Maart 2017* [09:00 – 16:00]
Waar: St Augustine College of SA (53 Ley Rd, Victory Park, Johannesburg)
Aanbieders: Drr Jaco Kruger en André Bartlett
Koste: *R 300-00* p/p (verversings ingesluit) / (R180-00 p/p vir studente, emeriti en pensioenarisse)
VBO-punte: 6 punte
Navrae en inskrywings: *Kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 vóór 6 Maart 2017 indien u die kursus wil bywoon.* Of besoek *www.excelsus.org.za* / Facebook-blad.

Sertifikaatkursus in *Bedieningsvernuwing*

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods.
Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:

- *28-30 Maart 2017*
- *23-25 Mei 2017*
- *15-17 Augustus 2017*

Koste: R830.00 per module [R7 470.00 vir die volle 3 jaar]

Vir meer besonderhede kontak *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of 012-420 6738.

➢ Sertifikaatkursus in *Bedieningsontwikkeling*

Excelsus het verlede jaar begin met 'n Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling vir predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening.
Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening.
Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by. Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).

- **Vir meer besonderhede** kontak **Rika van Rensburg** by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738. Besoek ook www.excelsus.org.za / Facebook-blad]

Terug

UP Fakulteit Teologie

Uitnodiging na Wydingsdiens en Simposium en derde AS Geyser Gedenklesing

'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'
HTS Teologiese Studies* en *Verbum et Ecclesia
Simposium oor opdra van die Eeufeesuitgawes

Maandag, 6 Maart 2017 om 14:00, Merensky-ouditorium, Universiteit van Pretoria
Die voorsitter van die redaksie van *HTS Teologiese Studies*, prof Ernest van Eck, en die voorsitter van die redaksie van *Verbum et Ecclesia*, prof Cas Wepener, nooi u vriendelik uit na 'n simposium op *6 Maart 2017* in die Ouditorium van die Universiteit van Pretoria se Merensky-biblioteek om 14:00.

Die adjunkdekaan, Dirk Human, en die onderskeie hoofredakteurs van die twee vaktydskrifte sal as voorsitters optree. Tydens hierdie middagsessie van die eeufeesvieringe sal 'n *HTS*-huldigingsbundel aan emeritus professor Graham Duncan oorhandig word.
Temas wat tydens die simposium bespreek sal word, is onder andere:

- 'Transformation in the Faculty of Theology at UP'
- 'The study of religion and theology at the University of Pretoria: A century of endeavour in conditionalistic perspective'
- 'The place of a Faculty of Theology at a South African university'
- The Faculty Research Theme, 'Ecodomy – life in its fullness', with the focus on the subthemes 'brokenness' and 'wholeness'

Die simposium maak deel uit van die Fakulteit Teologie se eeufeesvieringe en vind na afloop van die jaarlikse opening van die Fakulteit Teologie plaas. *Hierdie wydingsdiens begin om 10:00 in die Musaion*. *Die simposium begin om 14:00 in die Merensky Ouditorium*. Die tema van die eeufeesviering is 'Oopmaak van die hekke', wat dui op ons voorneme om die gebeure van die afgelope honderd jaar as oriëntering vir die volgende eeu te gebruik. U word ook vriendelik uitgenooi om hierdie wydingsdiens by te woon.

RSVP asseblief teen *20 Februarie 2017* deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur.

'Gateway to the future … *Oopmaak van die hekke* …'
Derde A.S. Geyser Gedenklesing

Donderdag, 30 Maart 2017 om 14:00, Universiteit van Pretoria
Die hoof van die Department Nuwe-Testamentiese Wetenskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, prof Gert Steyn, en prof Andries van Aarde, emertius professor in die Dekaan se Kantoor, nooi u vriendelik uit na die Derde A.S. Geyser Gedenklesing wat op *30 Maart 2017* om 14:00 in die Ouditorium van die Merensky Biblioteek op die Universiteit van Pretoria se Hatfieldkampus aangebied sal word.

Die lesing, getitel 'There is only one Church!: Albert Geyser's ecclesiology in *Vertraagde Aksie*', maak deel uit van die die Fakulteit Teologie se eeufeesvieringe in 2017 en sal aangebied word deur dr Wim Dreyer, dosent in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg en voormalige voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
U word ook hartlik uitgenooi om na afloop van die lesing verversings saam met dr Dreyer en sy Gerda te geniet.

RSVP asseblief teen *20 Maart 2017* deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur.

Terug

Christelike Lektuur Fonds
Vier 60 jaar van Genade

Op 23 Mei vanjaar vier **Christelike Lektuurfonds** sestig jaar se genadepad – 'n leeftyd se bediening waarin die boodskap van die Bybel deur gratis of bekostigbaar lektuur aan miljoene mense van Suider-Afrika versprei is – in elkeen se eie taal!

Baie mense assosieer CLF met traktaatjies, of dan pamflette, soos dié papiersendelinge vandag bekendstaan, maar min besef die werklike gebruikswaarde en seën van CLF se lektuur. Daarom neem ons u graag die volgende paar weke op 'n ontdekkingsreis om die hartklop van CLF te ontdek.

Waar het dit alles begin?

Die bloeityd van binnelandse sendingwerk gedurende die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu, het gelei tot vestiging van verskeie jong kerke in verskillende taalgemeenskappe. Gou het behoefte aan lektuur in verskillende tale in die bediening van hierdie kerke ontstaan. Dit was 'n uitdagende taak, omdat hierdie tale nog in die vormingsjare jare van 'n geskrewe taal was. 'n Nuwe geloofstaal en leeskultuur moes daarom eers gevestig word

Om die lektuur so bekostigbaar moontlik te versprei, het 'n groep sendelinge in 1957 besluit om met 'n grootse insamelingsveldtog vir 'n Christelike Lektuurfonds te begin. Hierdie ou sendelinge het gróót gedroom met die doelwit om £3 miljoen in te samel. Daar is weggespring met die insamelingsveldtog; lidmate, gemeentes en instansies is meegesleur deur die erns van die saak. Met hierdie fondse is die ou NG Sendingpers, die NG Sendinguitgewers, die ontwikkeling en verspreiding van kerklike literatuur vir vele kerke in Suid-Afrika, maar ook in ons buurlande, gesubsidieer.



CLF het egter nie in 1957 vasgehaak nie en veel meer as traktaatjies is ter sprake. Lees volgende week hoe CLF se lektuur ontwikkel het - van missionêre na missionale evangelisasie hulpmiddels

Gaan loer gerus intussen op ons webtuiste by www.clf.co.za of op ons facebookblad by Christian Literature Fund (CLF) of One Million Bibles for one million children

Ter viering van hierdie genadepad wat CLF na 60 jaar steeds loop, stel ons graag Seisoene van Genade deur Barend Vos teen 'n spesiale aanbieding bekend:

Vir navrae en bestellings skakel 021 8736964 of stuur 'n e-pos na info@clf.co.za

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*

- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

Ten slotte

Terug